

VERSCHEIDENHEID IN ONS TAAL III

(SOSIALE STRUKTUUR.)

Ons is so geneig om te dink dat ons taal 'n eenvoudige iets is wat iedere Afrikaner somar vanself ken en beheers. Dit is gladnie die geval nie. Hoeveel van ons eenvoudige arbeiders weet bv. wat 'n *fidei-commis* of die *driehoeksmeting* is? En hoeveel van ons geleerde penlekkers kan vir my sê wat 'n *moker* en 'n *omslag* en 'n *paslood* is? Die waarheid is dat die taal, selfs van 'n betreklik egalige maatskappy soos die Afrikaanse, 'n uiters ingewikkelde struktuur is. Daar is wel die algemene taal wat iedereen so min of meer ken, maar selfs dit is 'n baie vae en onvaste begrip. Daarnaas is daar egter 'n geweldig groot aantal skakeringe van die taal wat alleen in beperkte kringe bekend is en gebruik word, dus min of meer as tegniese taal beskou moet word. In die reël is ieder indiwidu, naas die algemene taal, met minstens een vorm van tegniese taal intiem bekend, dikwels met verskeie. 'n Advokaat ken bv. naas die algemene taal ook die regstaal intiem, en in die reël ook die tegniese taal van een of meer soorte sport, soos gholf, voetbal, ens. 'n Boer weer ken naas die algemene taal, die tegniese taal van sy eie soort boerdery en miskien van timmermans en smids. Hierdie soorte tegniese taal is baie interessant om te bestudeer. Hulle werp dikwels 'n interessante lig op die psigologie van die mense wat die vak beoefen. Hulle het 'n eie woordvoorraad en dikwels ook 'n eie idioom, maar hulle skakel ook in by en oefen invloed uit op die algemene taal waarvan hulle afhanklik is.

Die sosiale agtergrond van die bestaan van sulke tegniese tale is aan die een kant die feit dat mense wat dieselfde beroep uitoefen behoefte het aan dieselfde soort vakterme, maar aan die ander kant ook dat mense met dieselfde belange graag met mekaar verkeer en dus maklik 'n bepaalde kring in die samelewing gaan vorm.

Ek het gesê dat ons samelewing betreklik egalig is. Ons dink tenminste graag aan ons volk as in die outyd hoofsaaklik 'n boerevolk. Ons moet egter versigtig wees om hierdie voorstelling nie te oordryf nie, want naas boere het ons volk van die vroegste tye af altyd 'n hele aantal lede gehad wat ander beroepe uitgeoefen het. Daar was bv. amptenare, predikante, onderwysers, sieketroosters en ander beoefenaars van geleerde beroepe. En dan was daar winkeliers, skoenmakers, tuilemakers, wamakers, timmermans, leerlooiers, meulenaars, kuipers, ens. Ieder van hierdie beroepe het sy eie vaktaal gehad, en baiekeer het dieselfde persoon — veral onder die boere — verskeie van die bedrywighede uitgeoefen. Met veranderde lewensomstandighede, soos 'n digter bevolking, die toenemende gebruik van masjinerie en die opkoms van die grootindustrie, het die rol wat baie van die beroepe in ons samelewing speel minder belangrik geword en party van die ou terme verlore gegaan. Nuwe industrieë weer het meestal deur vreemde bemiddeling na ons toe gekom, sodat ons nouliks 'n kans gehad het om 'n eie terminologie in verband daarmee te ontwikkel. Tog is sulke tegniese woorde 'n baie belangrike deel van die taal en ons kultuurleiers strewende dan ook tereg daarna om ou terme in stand te hou en nuwes te maak, desnoods deur middel van vertaling. So het die F.A.K. bv. 'n reeks baie nuttige boekies uitgegee met vakterme op verskillende gebiede wat van nut kan wees vir Afrikaners wat graag hulle taal suiwer praat, bv. motortermes, kruidentersware en slagtersterme, en terme in verband met verskillende soorte sport, soos swem en waterpolo,

tennis, hokkie, korfbal, gholf, krieket, skyfskiet; ook biljart en brugspel. Jammer dat dit nodig is om hierdie terme by wyse van vertaling te verstrek! Ek besit ook 'n boek met die titel: *Die Handige Woordeboek* deur Coetzee en Van Dyk (Kemink & Zn., Utrecht) wat bedoel is vir skoolgebruik om die kinders se woordeskat uit te brei en hulle taalbeheersing te versterk. In hierdie boek kry ons gegroepeerde woordelyste onder sulke hoofde soos: Die huis, huisraad, huisgesin, kombuis, maaltye, boerdery, suiwelbereiding, voëlname, visse, handel en skepe, spoorweë, die blikslaer, messelaar, timmerman, kleremaker, ens.

As ons nou 'n oorsig wil kry van die verskillende sosiale taalkringe wat daar in Afrikaans bestaan, dan kan ons in die eerste plek dink aan die verskillende beroepe wat die mense uitoefen; in die tweede plek aan die verskillende lewensbeskouinge, want dieselfde lewensbeskouing laat ook 'n eenheidsgevoel ontstaan; en in die derde plek aan die verskillende soorte ontspanning, want wie weet nie hoe 'n sterk groepsgees daar ontstaan by mense wat bv. tot dieselfde sportklub behoort of saam gaan jag nie?

Laat ons dan begin met die beroepe. Ten dele kan ons hulle verdeel in geleerde en ongeleerde beroepe, maar slegs ten dele. Ons kry bv. hoog geleerde handelslui, maar daarnaas is daar ook smouse wat nie eens hulle naam kan teken nie; onder staatsamptenare het ons die klerikale afdeling maar ook hande-arbeiders, ens.

By die geleerde beroepe kry ons bv. professore en ander wetenskaplike navorsers, skrywers, predikante, dokters, ingenieurs, regsgeleerdes, onderwysers, staatsamptenare, studente vir solank as dit duur, ens. Elkeen van die beroepe het sy eie vaktaal. Iemand wat nie skeikunde gestudeer het nie, weet bv. nie wat *stikstof* of *koolstofdioksied* is nie; iemand wat nie plantkunde bestudeer het nie, weet nie wat *spirogyra*, wat 'n

vrugbeginsel, wat 'n *saprofitiese* swam is nie. Die predikant kan met sy kollegas die *predestinasieleer* bespreek; die leek weet moontlik nie wat dit is nie. Die dokter bestudeer *ginekologie* en *osteologie*; vir die gros van sy pasjente is dit onverstaanbare terme. Vir die leek is dit ook onmoontlik om sulke vaktaal te vertaal al het hy nog so 'n goeie beheersing van die algemene taal. Daarom is dit so verblydend dat ons in die laaste jare etlike woordeboeke met vakterme in Afrikaans ryker geword het. Daar is o.a. die *Vakwoordeboek* van D. F. du Toit Malherbe, 2 dle. (De Bussy, Pretoria), die *Mediese Woordeboek* van Louw en Van der Merwe (Nas. Pers, Kaapstad, ens.), en die *Economic and Legal Dictionary* van Arndt, Norval en Louw (v. Schaik, Pretoria).

Ook het verskillende Staatsdepartemente dit nodig gevind om tweetalige lysse van vakterme uit te gee. In die lywige bundel, *Lys van Mynterme*, uitgegee deur die Departement van mynweese, kom bv. sulke terme voor soos *paalstutting* = piling; *katrolbeuel* = pulley fork; *syhamer* = about-sledge-hammer. In die *Lys van Spoorweg- en Tegniese Terme* van die S.A. Spoorweë en Hawens o.a.: *asbuspakker* = box-packer; *ankerwikkelaar* = armature winder; *asbelasting* = axle load; *baanuitrustingsinspekteur* = Track Equipment Inspector, ens. Die *Lys van Tegniese en ander Terme* van die Poskantoor vermeld: *to make a call* = 'n oproep doen; *computed in Union currency* = bereken teen Unie-betaalmiddel; *Auto coin Box, 3 denomination* = outomatiese muntbus vir drie waardes; *personal call service* = „Persoonlike oproep”-diens, ens.

Die boerderybedryf word deur 'n baie groot deel van ons bevolking as beroep uitgeoefen. Elke soort boerdery het sy eie vaktaal. So die wynboerdery met sy *kuipe* en *stukvate*, sy *trapbalie* en *onderballe*, sy *helm* en *vlooitjie*, sy *koelvat* en *brandewynsketel*, sy *wilde stokke*, *filoksera*

en *geënte stokke*; die vrugteboerdery met al sy insekte en ander plaë, met bome *ent* en *fluit* en *snoei*, met vrugte *uitpluk* en *sorteer* en *pak*; die veeboerdery met sy *lam-* en *skeertyd*, met *bloutong*, *gallamsiekte*, *ooskuskoors*, *maaiers*, *papies* en honderde ander siektes. So het die volstruisboerdery, die graanboerdery, die basboerdery, ens. ieder sy eie voorraad tegniese terme. In *Kultuur-skatte uit die Voortrekkertydperk* deur G. H. van Rooyen (Nas. Pers, Bloemfontein, ens.) vind ek o.a. die volgende name vir onderdele en toebehore van die kakebeenwa wat die boer op sy trek vergesel het: *tent*, *hout-remskoen*, *teerputs*, *leerbome*, *disselboom*, *buikplank*, *skamel*, *bed*, *voorasboom*, *skamelband*, *langwa*, *as*, *moelband*, *stropband*, *voortang*, *rong*, *skeen*, *bus*, *luns*, *buikplank*, *tangarms*, *ligter*, *juk*, *juksekie*, *stroppe*, *trektou*, *sweep*, ens.

Sulke lang lyste tegniese terme in verband met 'n enkele ingewikkelde voorwerp is geen seldsaamheid nie. Dink bv. aan die motorkar: *versneller*, *lugbuis*, *lugklep*, *battery*, *vergasser*, *versnelling*, *suier*, *verdamer*, *windskerm*, *vulkaniseer*, *verstop*, en so kan ons aangaan en 'n hele boek met terme vul. In die „Tydskrif van die S.A. Spoorweë en Hawens” het ek 'n keer 'n lys van name vir die onderdele van 'n lokomotief gesien, wat ook etlike bladsye gevul het.

Die handel is 'n beroep wat in iedere samelewing nodig is en al is dit vandag 'n beroep wat weinig gewild is onder Afrikaners, het ons altyd ons winkeliers en ander handelaars gehad. Trouens, ons het waarskynlik 'n hele aantal van die Maleis-Portugese terme wat in ons algemene taal oorgegaan het, deur bemiddeling van die handelstaal gekry.

Die skoenmaker is ook 'n onmisbare idiwidu met sy *els* en *les*, sy *rouleer* en *gebreide leer*, sy *naald* en *naaimasjien*, sy *oorleer* en *polvy*, sy *klophamer* en *spanriempie*. Hy moet kan *omboor* sowel as *omklink*.

Die smid gebruik 'n *aambeeld* en 'n *blaasbalk*, 'n *staalboor* en 'n *moker*. Hy *smee* en *kort* wabande en *beslaan* perde.

Die messelaar staan op 'n *steier* en werk met *troffel* en *skuier*, met *sinklood* en *waterpas*.

En so hoef ek maar net te herinner aan die volgende ambagte wat ieder ook sy eie vakterme het: die skrynwerker, die meulenaar, die kuiper, die looier, die blikslaer, die saal- en tuiemaker. Die vissers het hulle eie vaktaal; so ook die boswerkers, poliesmanne, ens. Verteenwoordigers van nuwer beroepe vir Afrikaners is die spoorwegarbeiders en posbodes, elektrisyne, motorwerktuigkundiges en kelners. 'n Interessante groep is die delwers met hulle *wasmassjien* en *tapbalie*, *grawiteersiffie*, *bybie*, *sorteerspaan* en *sinkgeut*, met *rubies*, *mèkkels* en *bantoms*; om nie eens te praat van die mengeltaal van die mynwerkers nie, wat goed getipeer word deur die woord *koekapan*.

Onder getroude vrouens is daar die algemene beroep van die huishouding met sy tegniese taal in verband met huisaankantmaak, koskook, kleremaak, bediendes, ens.

Maar om nou af te stap van die beroepe wil ek nog daarop wys dat ons ook tegniese taal het in verband met lewensbeskouinge en geestelike strominge. Wat die godsdiens betref het ons vanouds af 'n massa terme in verband met die Calvinistiese leer en instelling: die *doop*, *nagmaal*, *aanneming*, die *ring* en die *sinode*, die *moderator* en die *skriba*, *huisgodsdiens* en *katkesasie*, die *konsensie* en die *verdoemenis*. Maar die Lutherse kerk is ook baie oud in Suid-Afrika en in ons dae het ons baie nuwe sektes wat ook weer hulle eie terminologie het.

Wat strominge van 'n meer verbygaande aard betref, is daar veral die politieke rigtings wat 'n diep indruk maak op die gemoed van die Afrikaner. Dit bring terme mee soos die name van die partye, van die parlementêre

amptenare en funksies, name van tendense soos *imperialisme, nasionalisme, sosialisme*, ens.

Dit spyt my dat die tyd my nie toelaat om stil te staan by tydelike werksaamhede soos die kommandodiens, of by ontspanninge soos die jag en verskillende soorte speletjies, soos voetbal, krieket, gholf, kaart, ens. nie. Maar u weet dat ieder daarvan ook sy eie terme het, en wat die speletjies betref, kan die reeds genoemde uitgafes van die F.A.K. uitstekende dienste bewys vir die wat nie die Afrikaanse terme ken nie en hulle graag wil leer.

Maar ek dink ek het genoeg gesê om u te laat insien dat ondanks die betreklike egaligheid van ons samelewing, iedereen wat sy ore wil oophou om te luister na sy eie taal, tog nog 'n oneindige verskeidenheid van taalkringe in Afrikaans sal vind. Die opsetlike studie daarvan is 'n taak wat om arbeiders roep, 'n taak wat homself sal beloon deur die genot wat dit sal verskaf.

LITERATUUR

Soos in die teks. 'n Groot aantal vakterme, veral wat die boerdery betref, is ook te vind in BOSHOF: *Volk en Taal*.

Die „Handhaaf-en-Bou-Reeks“-vakterme is te kry by die F.A.K., Posbus 8711, Johannesburg; die amptelike publikasies by die Staatsdrukker, Pretoria.

ONS WOORDESKAT

(OORERWING EN ONTLENING)

Ons besit tot nog toe geen betroubare middele om die aantal woorde wat daar in Afrkiaans bestaan te bereken nie. Dr. Bosman het eenmaal somar 'n taamlik blinde skoot geskiet toe hy gesê het: „Laat ons dit op 50,000 skat.” Dit kan twee- of driemaal soveel wees, maar as ons aanneem dat dit 50,000 is, dan is dit ook al genoeg om ons ons in verwondering te laat afvra: „Waar kry ons al die woorde vandaan?” En dis 'n moeilike vraag, want vir 'n deel beteken dit: „Hoe het die menslike spraak in die algemeen ontstaan?” — 'n vraag waarop alleen deur middel van bespiegeling 'n antwoord kan gegee word. Toe dr. Boshoff indertyd sy lywige werk oor die Afrikaanse woordeskat geskrywe het, het hy die woorde dan ook in drie groot groepe verdeel, nl. erfgoed, leengoed en eiegoed. Met ander woorde, ons het ons woordeskat gedeeltelik gekry deur oorerwing, gedeeltelik deur ontleening, en gedeeltelik deur hulle self te maak. Maar dit sal interessant wees om ieder van hierdie prosesse in besonderhede na te gaan.

OORERWING

Van wie het ons ons ou woordeskat geërf? „Van ons Hollandse voorouers,” sal u sê. Maar waar het die Hollanders dit dan vandaan gekry? Hulle het dit blykbaar ook van iemand geërf en die het dit ook weer geërf, en so kan ons teruggaan tot Adam en Eva, of altans

tot die eerste sprekers van 'n taal waarvan ons s'n direk afgestam het. Nou is die moeilikheid egter dat die ou tale waarvan Nederlands direk afgestam het, nie bewaard gebly het nie. Die oudste geskrif wat min of meer in die direkte afstammingslyn van Nederlands lê, dateer maar uit die 10e eeu na Christus. Tog kan ons deur verskillende ou tale met mekaar te vergelyk min of meer uitmaak hoe die taal waarvan Nederlands afgestam het, daar omstreeks die tyd van die geboorte van Christus en 'n paar eeue vroeër moet uitgesien het. Hierdie taal noem ons Oergermaans. Dit was nou verwant met 'n groep ander tale waartoe Kelties, Grieks, Latyn, die Balto-Slawiese tale, Albanees, Armeens en die Ariese tale van Asië behoort. Deur die oudste geskrifte in hierdie tale met mekaar te vergelyk kan ons nou weer min of meer vasstel hoe hulle gemeenskaplike stammoeder daar in 'n vroeër tydperk moet uitgesien het. Hierdie stammoeder noem ons Indogermaans. Die oudste geskrifte wat vir ons in hierdie tale bewaar gebly het, vind ons in Sanskrit, 'n ou taal wat in Indië gepraat is. Hulle dateer vanaf sowat 2000 jaar voor Christus, terwyl dit bereken word dat die oudste Griekse geskrifte wat aan ons bekend is sowat nege eeue voor Christus ontstaan het. Deur die geskrifte in verskillende ou tale met mekaar te vergelyk, kan ons ook nagaan hoe Indogermaans, waarvan Afrikaans in laaste instansie afstam, daar aansienlik meer as 2000 jaar voor Christus moet uitgesien het, maar dit is dan ook sover as ons kan kom. As ons verder wil teruggaan dan beland ons op 'n suiwer spekulatiewe gebied. Belangrik is dit egter om te weet dat 'n aansienlike laag van ons woordeskat teruggevind word in Sanskrit, Grieks, Latyn en ander ou tale. Hulle is, hoewel met baie klank- en vormveranderinge, deur die eeue heen aan ons oorgelewer.

Met die ou tale het dit egter net so gegaan soos met ons moderne tale. Hulle het nie stilgestaan nie, maar

geleef, en was dus aan gedurige verandering onderhewig. Ou woorde het dikwels uitgesterf en nuwe het ontstaan deur ontlening en nuwe skepping. So vind ons bv. in later tyd dat die ou Germane wat oorspronklik 'n gemeenskaplikee woordvoorraad met die Romeine moet gehad het, opnuut in aanraking met laasgenoemde kom. Ondertussen het hulle egter 'n verskillende kultuurontwikkeling deurgemaak. Die Romeine het 'n hoër beskawingspeil bereik en die Germane leen van hulle o.a. woorde met betrekking tot die krygskunde, die woningbou en die landbou.

Kom ons nou by die Nederlanders, dan sien ons dat met hulle ook reeds in die oudste tye presies dieselfde gebeur het wat vandag nog met ons gebeur. Die grootste deel van hulle woordvoorraad het hulle oorgeërf van hulle voorouers, maar party woorde van die ou voorraad het uitgesterf en daarteenoor het hulle nuwes gemaak en van ander tale geleen. Van watter tale het Nederlands geleen? Hier volg 'n paar van die vernaamste:

LATYN. Die Christendom is na die Germane gebring deur middel van die Roomse kerk en Latyn was die kerktaal. Woorde soos: *kerk, altaar, priester, kansel, orgel, evangelie, aalmoes, feest*, ens., het die Nederlanders dus uit Latyn oorgeneem. Verder het Latyn deur bemiddeling van die kloosters die taal van die geleerdheid geword, en dus word o.a. woorde soos die volgende uit Latyn geleen: *schrijven, dichten, school, pen, tafel, brief, kapittel, vers, punt*, ens. Ook Griekse woorde soos *filosofie, geologie, zoölogie*, ens., het grotendeels deur bemiddeling van Latyn tot ons gekom. Verder name van plante, blomme, groentes, ens., soos: *roos, lelie, peer, pruim, perzik, moerbei*, en van kosbare stowwe soos: *marmer, albaster, kristal, zijde*, ens., wat veral deur die kloosters bekend geword het.

FRANS. Deurdat die Nederlanders en die Frans geografies aan mekaar grens, het Frans van die vroegste tye af tot vandag toe 'n baie groot invloed op Nederlands gehad. Daarby kom dat daar in vroeër tye Franse vorste oor dele van die Nederlande geregeer het, en dat die Franse literatuur in hoë aansien gestaan het. Deur dit alles het Nederlands 'n massa Franse woorde oorgeneem soos: *attent, elegant, sekuur, akkuraat, kampioen, kandelaaër, kous, charge, canaille*, ens., en selfs prefikse en suffikse soos *aarts-, -ier, -aal, -y, -age, -aard, -teit, -es, -ist, -eren, ens.*

DUTS. Die Duitse invloed begin later as die Franse maar neem mettertyd toe. Dis te sien in woorde soos: *zich, gans, sidderen, schans, louter, bydrage, vernuft, noodwendig*, ens.

ENGELS. Die Engelse invloed word eers in die 19e eeu belangrik maar word dan in die 20e eeu geweldig sterk, veral op die gebied van sport, die politiek en die sosiale lewe. Daaraan het Nederlands woorde soos: *cricket, tennis, boksen, umpire, budget, meeting, tea-room, dancing, ens.*, te danke.

Van *Italiaans* het Nederlands o.a. handelsterme geleen soos: *bankroet, netto, bruto, franco, porto, incasseren*, ens.; vakterme in verband met die musiek, boukuns en skilderkuns, soos: *crescendo, allegro, fuga, opera, tenor, soprano, villa, balkon, mozaïek, profiel, aquarel, model, karikatuur*; militêre terme soos: *soldeaat, korporaal, kolonel, barak*, ens.

Verder het Nederlands woorde geleen uit Spaans, Skandinawiese en Slawiese tale, uit Arabies, Turks, Persies, Hebreeus, en deur die Nederlandse Oos-Indiese ryk, ook 'n aantal woorde uit Maleis, soos *baadje, baar, kris, orangoetang, pisang, rotting, bakkeleien, soebatten*, ens.

Al hierdie leenwoorde in Nederlands, en ook Nederlandse nuutskeppinge, sowel as die oorspronklike laag, kan ons in Afrikaans beskou as behorende tot ons erflike woordvoorraad — altans vir sover hulle reeds in Nederlands aanwesig was toe Afrikaans ontstaan het, en selfs die wat later geleen is of ontstaan het, kan ons, uit hoofde van ons gemeenskaplike kultuur, daartoe reken, solank as hulle nie teenstrydig is met ons taalgevoel nie.

ONTLENING

Daarenteen is daar egter 'n aansienlike aantal tale waaruit Afrikaans op eie houtjie geleen het. Die woorde waarmee ons taal op dié manier verryk is, moet ons beskou as leengoed in Afrikaans.

Die eerste vreemde volk waar ons Hollandse voorouers aan die Kaap mee in aanraking gekom het was die Hottentotte, en dit hoef ons dus nie te verwonder dat ons naas eiename soos Tarka, Prieska, Karoo, Koup, Keiskamma, ook dier- en plantname soos kwagga, oorbietjie, gogga, karee, dagga, boegoe, kanna, uitroepe soos etsê, ga, soe, hē en hēē, en woorde soos abba, kerie, karos en gorratjies aan hulle te danke het nie. In die Noordweste van die Kaapprovinsie word daar buitendien 'n baie groter aantal Hottentotse woorde gebruik as in algemene Afrikaans.

Daar loop 'n aansienlike hoeveelheid Duitse bloed deur die adere van die Afrikaner en reeds onder die eerste vryburgers aan die Kaap was daar Duitsers. Tog is daar nie veel Afrikaanse woorde wat ons kan aanwys as van Duits geleen nie. Dit kom deurdat die Hollandse en Duitse kultuur nie so verskillend was dat daar veel behoefte aan ontlening was nie. Verder was die eerste Duitsers meestal mans wat met Hollandse vroue getrou het en dus nie hulle moedertaal gehandhaaf het nie,

en deurdat die twee tale soveel op mekaar lyk en die twee lande aan mekaar grens, is dit nie altyd moontlik om uit te maak of ons met 'n ontlening aan Duits te doen het, al dan nie. Tog is daar 'n beperkte aantal wat ons sonder twyfel uit Duits gekry het, bv. militêre woorde soos laer, kamaste, werda en kragterme soos by my siks, verflaks en oorwaks.

Ook uit die Frans van ons Hugenote-voorouers het ons maar min woorde geleen. As ons 'n paar vrugte-name: die bermotseran- en die sermynpeer, die pawee-perske en die pompemoer noem en daarby die portfisiedeur voeg, dan het ons — afgesien van eiename — feitlik die lysie voltooi, want soos die Duitse het die Franse kultuur nie veel van die Nederlandse verskil nie. Maar moontlik was daar heelwat meer. Die Nederlanders het egter in hul vaderland so ontsaglik veel van Frans geleen, dat ons die ander Franse woorde wat ons in Afrikaans gebruik ook in Nederlands aantref en dus verplig is om aan te neem dat hulle reeds tot die Nederlandse woordeskat behoort het voor die koms van die Hugenote.

'n Taal wat baie diskussie uitgelok het in verband met Afrikaans is Maleis-Portugees. Dit is die naam wat teenswoordig gegee word aan 'n handelstaal wat in die 16e en 17e eeu in die Indiese Argipel gepraat is. Dit het ontstaan deur 'n vermenging van Portugees — want die Portugese was die eerste Europeane wat langs die seeweg om die Kaap handel gedryf het met die Ooste — met Maleis en ander Oosterse tale. Toe die Hollanders later gekom het, is daar ook heelwat Hollandse woorde in opgeneem. Daar die Kaap die halfweg-stasie na die Ooste was, het Afrikaans ook heelwat woorde uit hierdie Maleis-Portugese mengeltaal gekry deur bemiddeling van seelui en slawe wat dit kon praat. Dis egter moeilik

om vas te stel wat ons presies daaraan te danke het, want baie van die woorde het reeds tevore in die Nederlandse seemanstaal oorgegaan, sodat hulle, wat Afrikaans betref, erfgoed uit Nederlands is. Ook is daar ander woorde wat uit suiwer Maleis afkomstig is en in die kringe van die Maleise bannelinge voortgelewe het.

Tot die Maleis-Portugese woorde wat ons in Afrikaans het, behoort (daargelate of hulle miskien al in die Nederlandse seemanstaal bekend was): *baie* en waarskynlik *amper*; name van kossoorte: *blatjang, bobotie, borrie, bredie, pienang, sambal, sosatie, tasal, laksel, mebos*; Oosterse plante: *akkerwanie, froetangs, jamboes, katjiepiering, nartjie*; ander Oosterse artikels: *kabaai, tjalie, toering, karba, ramkie, sambok, sambreel, sambrero*; woorde in verband met toordery: *doepa, ghoeroe, paljas*; en 'n aantal ander woorde.

Van die *Bantoes* het ons veral woorde oorgeneem in verband met die organisasie van hulle eie samelewing soos: *pitsoe, indaba, indoena, impie, amalaita* en name van diere en plante: *mahem, mamba, tsetse, naboom, tamboetieboom, mapanie, maroela, moepel, ens.*

As ons al hierdie vreemde woorde saam neem, dan vorm dit 'n baie geringe deel van ons woordeskat, volgens die berekening van dr. Bosman geen een persent nie. Maar dan het ons nog al die Engelse woorde uitgelaat wat dreig om Afrikaans 'n mengeltaal te laat word. Die Engelse invloed dring o.a. binne deur middel van die skool, bv. in die vorm van aardrykskundige name; deur middel van sport: *krieket, tennis, hokkie, referee, ens.*; van die regeringswese: *speaker, caucus, sergeant-at-arms, ens.*; van die handel: *pennie, sieling, kondensmelk, jam, ens.*; van die verkeerswese: *stamp, horssweep, bicycle, enjin, aeroplane, ens.*; van die gesellige lewe: *bioscope, dans (vir dansparty), rehearsals*. Maar waartoe meer voorbeelde vermeld, waar u self met gemak honderde kan opnoem?

In die volgende praatjie hoop ek om u aan te toon wat Afrikaans self gedoen het om sy woordeskat aan te vul.

LITERATUUR

Kort oorsigte van leenwoorde in Nederlands is o.a. te vind in J. VERDAM—F. A. STOETT: *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal* (Thieme, Zutphen) en GERTENBACH en VAN SLOOTEN: *Eenige Belangrijke Verschijselen*, ens. Besonder insiggewend is die artikels van C. G. N. DE VOOYS: *Purisme; De Fransche Woorden in het Nederlands; Duitse Invloed op het Nederlands; Engelse Invloed op het Nederlands in Verzamelde Taalkundige Opstellen II* (Wolters, Groningen-Den Haag); die laaste drie ook te vind in *Nieuwe Taalgids* I, III en VIII. 'n Uitvoerige werk oor Franse invloed op Nederlands is J. J. SALVERDA DE GRAVE: *De Franse Woorden in het Nederlands* (Müller, Amsterdam), en oor Duitse invloed: A. MOORTGAT: *Germanismen in het Nederlands* (Vanderpoorten, Gent).

Leenwoorde in Afrikaans is behandel in die werke onder No. 4 genoem. Beknopte samevattinge is: J. J. LE ROUX: *Ismes in Afrikaans in Gedenkboek ter ere van die Genootskap van Regte Afrikaners* en S. P. E. BOSHOFF: *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* (Nas. Pers, Kaapstad, ens.).

OU EN NUWE WOORDE IN AFRIKAANS

In my vorige praatjie het ek aangetoon dat die grootste laag van ons woordeskat oorgeërf is, en wel vir 'n deel uit oeroue tye, maar dat Afrikaans daarnaas ook 'n aantal woorde aan ander tale ontleen het. Voor ek nou daartoe oorgaan om aan te toon hoe Afrikaans ook uit eie kragte sy woordeskat aangevul het, wil ek daarop wys dat die teenoorgestelde proses ook gedurig aan die gang is, d.w.s. dat ons nie alleen nuwe woorde bykry nie, maar dat baie van die oues ook verouderd raak en verlore gaan. En dit spreek vanself, want ou gewoontes en dinge raak in onbruik en word vervang deur nuwes en dan is daar geen behoefte meer aan name vir die dinge wat uitgesterf het nie. Ons Hollandse voorouers wat na die Kaap toe gekom het, het in hierdie opsig 'n groot oorgang deurgemaak, want nie alleen moes hulle baie dinge aanleer in hulle nuwe vaderland nie, maar vir ander dinge waar hulle in Holland mee vertrouwd was, was hier geen plek nie en die opgroeiende geslag het dus nie eens die name daarvoor geleer nie. Ons dink bv. aan sulke nywerhede soos die wolwewery, die vlasbewerking, die pottelbakkery, die skeepsbou. En dan was die aantal geleerde mense baie gering, sodat allerlei woorde in verband met die kunste en wetenskappe, en die geleerde beroepe, in Suid-Afrika onbekend gebly het.

Maar daar is selfs heelwat woorde wat vroeër in Suid-Afrika 'n lewendige bestaan gevoer het maar mettertyd deur veranderde omstandighede uitgesterf het. So het ons in vroeër dae hier 'n *politieke raad*

gehad, met 'n *landvoogd*, 'n *opperkoopman*, 'n *Fiskaal Independent*, 'n *pakhuismeester*, ens. Met die koms van die Engelse regeringstelsel het hierdie woorde sowel as die waardighede self, uit ons lewe verdwyn. So ook die *Raad van Justisie*, die *burgerrade*, die *landdros* en *heemrade*, die *skepekennis*, ens. Die ou Hollandse muntstelsel is vervang deur die Engelse en daarmee het woorde soos *kwartjie*, *skelling*, *gulden*, *duit*, geheel, of nagenoeg geheel, uit ons daaglikse omgangstaal verdwyn. In die vorige lesing het ek u 'n aantal Oosterse of Maleis-Portugese woorde genoem wat daar in ons taal bestaan. Maar vroeër was daar veel meer. By die deurlees van ou Kaapse geskrifte van die sewentiende en agtiende eeue het prof. Hesseling Oosterse woorde soos die volgende opgeteken, wat ons nou nie meer ken nie: *bonkesje*, *cassave*, *cowbang*, *krits*, *martevaan*, *pagger*, *pedackies*, *pitsjaeringh*, *tyfferen*, *toewack*, *sury*. Ds. Leibbrandt het in 1882 'n lys Oosterse woorde opgeteken wat toe, volgens hom, daagliks in die Kaap gehoor is. Daaronder is daar baie wat ons vandag nog gebruik, maar wie van u ken woorde soos die volgende: *adoe*, *oepas*, *bismillah*, *toedong*, *janggoet*, *khalib*, *salam*, *katoepang*, *pataca*, ens.? Ek betwyfel selfs of die Maleiers aan die Kaap nog veel van hierdie woorde onthou.

Van woorde met 'n meer Europese voorkoms weet u dat die *tonteldoos* en *vuurslag* met hulle name verdwyn het. J. du Plessis Scholtz het in 'n paar artikels in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* van 1935-1936 'n aantal interessante Afrikaanse woorde opgeteken wat hy in geskrifte uit die neëntiende eeu teëgekomp het. Daar is baie onder wat in 'n betekenis gebruik word wat ons nie meer ken nie. Andere is alleen in beperkte kring bekend. Kyk nou 'n bietjie hoeveel van die volgende u self ken. Hulle was almal in die neëntiende eeu gebruiklik. Ek sal die betekenis vir u daarby sê:

afstaan = in die steek laat; *apprentjie-tyd* (uit Engels *apprentice time*) = die proeftyd wat gevolg het op die vrylating van die slawe; *alklaps* = gedurig; *allerdeegs nie* = glad nie; *basjan* = 'n swart seevoël; *bolderwa* = die outydse passasierswa; *dikstewels* = parmantig; *elkendeur* = herhaaldelik; *flerts* = 'n klap om die ore; *gronapel* = 'n soort systof; *kaveer* = pleit; *papiljotte* (Frans, *papillotes*) = papiertjies om krulle mee te maak; *agtersteek* = trippel (van 'n perd); *prendeleys* = beteuterd; *resnawel* = regtig, waaragtig; ook: *gesnaalwaar*; 'n *skuifbroek*, ens.

Maar laat ons nou afskeid neem van die verouderde woorde en 'n bietjie nagaan hoe Afrikaans nuwe woorde gemaak het. Kom dit wel voor dat nuwe woorde somar uit niks gemaak word, d.w.s. dat somar willekeurige klanke gebruik word om 'n woord te maak waaraan daar behoefte bestaan? Ons weet dat klein kinders dit doen — altans vir sover as ons kan nagaan — maar sulke kinderwoorde het geen lewensvatbaarheid nie en sterf weer weg sodra die kind 'n bietjie ouer word. By grootmense is dieselfde natuurlik ook moontlik, maar daar is die lewensvatbaarheid net so gering, tensy die klanke om een of ander rede as besonder gepas by die begrip gevoel word. Die Nederlandse woorde *gas* en *fiets* word beskou as waarskynlike voorbeelde van hierdie groep, maar dit is nog altyd moontlik dat daar 'n rede vir die ontstaan van die woorde was, wat ons nog nie in staat was om op te spoor nie. Ons is hier dus op gevaarlike terrein, en ek sal maar liewers nie probeer om Afrikaanse voorbeelde te noem nie.)Ons skep egter ook, net soos ander volke, woorde deur die klanke van die natuur na te boots. Afrikaanse voorbeelde van sulke *klanknabootsing* of *onomatopeë*, soos hulle genoem word, is *tok-tokkie*, *woer-woer*, *tjenkerientjie*, *janpierewiet*, *jantatarat*, *pie-pa-pou*, *bokmakierie*, *kelkiewyn*, *kwévoël*, *otjie*, ens.

2) 'n Ander manier waarop ons nuwe woorde vorm is deur woorde uit ander tale of ou woorde wat ons nie verstaan nie, te verbaster, d.w.s. ons pas hulle aan aan klanke of betekenis, of klanke én betekenis, waarmee ons bekend is. Hierdie proses word *volksetimologie* genoem, omdat die volk sy eie, onjuiste assosiasies vorm in verband met dié woorde. Dikwels word ook skertsende vervorminge gemaak van woorde wat ons wel verstaan. By ons is dit veral Engelse woorde wat hieraan blootgestel is en so word bv. spottend gesê: *baie-sukkel* vir *bicycle*; *modderkar* vir *motorcar*; *Martjie Louw* vir *Martial Law*; *vieslike Jokrivier* vir *Physical Geography*; *Trippelmerrie* vir *Tipperary*; *Die-ou-vullis-slypsteen* vir *Theophilus Shepstone*. Maar wat oorspronklik skerts was kan maklik erns word, veral by minder ontwikkeldes. So is daar groepe mense wat nie anders praat as van *olie kolonie* (*eau de Cologne*) en *bromkatjies* (*bronchitis*) nie. Afrikaans lewer dan ook baie interessante voorbeelde op van volksetimologiese vorme wat heeltemal gevestig geraak het in ons taal en dikwels selfs die oorspronklike vorm heeltemal verdring het. Hier is 'n paar voorbeelde: ons woord *spinnerak* was oorspronklik *spinrag*. *Rag* beteken „weefsel”. Die *kop van spinnekop* is dieselfde woord as ons in die Engelse *cobweb* het. Net soos ons Hollandse broeders sê ons dus tweekeer dieselfde ding as ons van 'n *spinnekop* praat. Soos plat sprekers in Hollands het ons ook van 'n *blaasbalg* 'n *blaasbalk* gemaak, want *balg* is 'n ou naam vir die pens van 'n dier; en van ons Hollandse voorouers het ons ook geleer om *muisneste* te sê vir *muizenissen* = gedagtes, en *hangmat* vir die Spaans-Karaïebiese woord *hámaca*. Maar van Afrikaanse oorsprong is waarskynlik *kortgebaken* vir *kortgebaker* en *koperkapel* vir die Portugese *cobra di capello*. 'n Interessante geskiedenis het die woord *kanferfoelie*, *kamferfoelie*. Dit kom van die Latynse *capri folium*, d.i. boksblare. In Hollands

het dit geword *kamperfoelie*, waarby gedink word aan die stad *Kampen*. By ons is hierdie stad nie so bekend nie, en ons dink dus aan *kanfer*. Die woord *sondvloed* beteken oorspronklik „groot vloed” (*sind* = groot). In Hollands word dit geassosieer met *sonde*, maar ons dink aan die son, en dan sê ons *sonvloed*.

3. Nou verwant aan volksetimologie is die verskynsel van *kontaminasie of versmelting*. Dit kry ons wanneer twee woorde so geassosieer word dat geen van beide suiwer bly nie, maar 'n nuwe vorm ontstaan waarin die twee met mekaar vermeng is. So het ons bv. uit *Malaaiers* en *Islamsen* die nuwe woord *Slamaaiers* gemaak; uit *kul* en *verneuk*, *verkul*; uit *agtelosig* en *agterlatig*, *agterlosig*, ens.

Ons lewe in 'n haastige eeu, en ook as ons praat en skrywe kort ons graag ons woorde af. Dis natuurlik 'n ou tradisie om persoonsname te verkort en dus *Jan* te sê vir *Johannes* en *Dirk* vir *Diederik*, maar selfs ons plekname gaan ons afkort. So het *Hermanus* ontstaan uit die oorspronklike *Hermanuspieterfontein*, en ons sê heeldag *Maritzburg* vir *Pietermaritzburg*.

Dit word nie altyd ingesien dat ons op hierdie manier eintlik besig is om nuwe woorde te maak nie. Die kort vorm *Matriek* is 'n nuwe woord wat die plek inneem van die lang *Matrikulasie*, *bus* neem die plek in van *posbus*, *kar* van *motorkar*, ens., en dan kry ons ook deur afkorting nuwe woorde soos *S.A.N.T.A.M.*, *S.A.N.L.A.M.*, *SASBANK*, *F.A.K.*, *N.C.V.V.*, *C.J.V.*, ens.

Die vernaamste middel wat ons het om nuwe woorde in die lewe te roep is om die oues te neem en daar nuwes van te maak deur *samestelling*, *afleiding* of *samestellende afleiding*. As ons bv. die twee woorde *rooi* en *kat* bymekaar voeg, dan kry ons 'n nuwe woord *rooikat*. Dit is samestelling. As ons die woord *keil* verbind met die voorvoegsel *ge-*, dan kry ons die nuwe woord *gekeil*, en as ons *toiensrig* verbind met die

agtervoegsel -heid, kry ons die nuwe woord toiensrigheid. Dit is afleiding. En wanneer ons van altwee middels gelyk gebruik maak, soos wanneer ons kameel en doring saamvoeg en daarmee dan die agtervoegsel -agtig verbind, kry ons die nuwe woord kameeldoringagtig. Dit is samestellende afleiding.

Dit is baie interessant om na te gaan op watter gebiede Afrikaans die meeste gebruik gemaak het van hierdie middels, d.w.s. aan watter nuwe woorde daar die grootste behoefte bestaan het. Dan vind ons dat daar name moes gemaak word vir dinge in verband met die Afrikaanse plantewêreld, en so kry ons woorde soos: *renosterbos, kameeldoring, apiesdoring, buffelgras, bobbejaantou, dassiebos, skilpadbessie, wolwegif, taaibos, bitterbessiebos, lospitperske, vingerblaarpatat, kafferkoring*, ens.

Die Afrikaanse dierewêreld moes ook benoem word. Vandaar woorde soos: *hotnotsgot, bontspan, poenskopkoei, blesbok, rooibok, grysbok, bloubok, swartbok, maanhaarjakkals, kolhaas, waaiertertmierkat, jangroentjie, rinkalskraai, miskruier, boomsingertjie, wildebees, wilde-eend*, ens.

Die minerale wêreld en die bodemgesteldheid het aanleiding gegee tot woorde soos: *klipkop, klipkrans, olifantsklip, bloupotklei, garingklip, ouklip, blouysterklip, leiklip*, ens.

In die boerderybedryf het woorde ontstaan soos: *bloutong, bosluiskoors, gallamsiekte, wurgsiekte, slaggoed, kniehalterslag, trapbalie, dopbrandewyn*, ens.

Op die jag, kommando en trek het woorde ontstaan soos: *bobbejaanhout, doppiesgeweer, olifantroer, ou Sanna, bokhael, donshael, agterryer, hartbeeshuisie, kopskoot, jukskeistrop, handkarwats, voorslag, lunsriem*, ens.

Op die gebied van die daaglikse huislike lewe kry ons woorde soos: *kleivloer, grondvloer, tuishuis*,

stoepkamer, vryslaapkamer, tuiekamer, mosbolletjies, pampoenkoekies, ryskluitjies, moskonfyf, ouvrou-onderdie-komers. Daar is siektes soos: *benoudesiekte, witseerkeel, appelkoossiekte,* en speletjies soos: *blinde-molletjie, affronteer-speletjie, wegkruipertjie, derde-mannetjie,* ens.

Dan het ons ook 'n groot aantal eiename gemaak, want daar moes name gevind word vir die duisende plekke wat nou op die landkaart verskyn: *Stellenbosch, Vishoek, Modderrivier, Sandspruit,* ens. En ook ons osse, perde en huisdiere kry hulle name: *Potberg, Platberg, Swartland, Rinkals, Witkwas,* ens.

Eindelik het ook ons skrywers baie nuwe samestellings gemaak vir literêre doeleindes: *Sahara-dor, Kalaharie-kaalte, koerante-voorbarigheid, dweperig-dekadente doedoe-liedjies, glimmer-glansend, donker-wellend, sidder-woedend,* ens.

LITERATUUR

Vir Nederlands is oorsigte te vind in VERDAM-STOETT: *Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal* en GERTENBACH en VAN SLOOTEN: *Eenige Belangrijke Verschijnselen,* ens. Belangrike artikels is C. G. N. DE VOOYS: *Het Wezen van de Zogenaamde Volksetymologie (Verzamelde Taalkundige Opstellen II en Nieuwe Taalgids II)* en *Iets over Spontane en Bewuste Nieuwvorming in de Taal (Nieuwe Taalgids V).*

Vir Afrikaans is, behalwe die werke in die teks genoem, ook BOSHOFF: *Volk en Taal* 'n belangrike bron.

ANGLISISMES

Die term Anglisismes kan, soos in die daaglikse omgang gebruik, eintlik twee dinge beteken. Ons kan daarmee bedoel woorde en uitdrukkinge soos *sideboard*, *rugby*, *handicap* en *no-trumps declare*, wat ons beter sou beskrywe as leenwoorde en -uitdrukkinge uit Engels, of ons kan daarmee bedoel woorde en uitdrukkinge soos *besigheid*, *eksamenpapier*, *ek haat om dit te doen*, wat 'n Engelse betekenis aangeneem het of na die model van Engels gevorm is. Hierdie laaste groep kan genoem word barbarismes of Anglisismes in die enger sin van die woord. Vir die doeleindes van hierdie lesing kan ons egter die term op die populêre manier gebruik, tensy die verband 'n noukeuriger differensiëring vereis.

Anglisismes, en veral leenwoorde uit Engels, kom in sulke groot getalle voor in Afrikaans, dat liefhebbers van ons taal dikwels tot wanhoop gedrywe word. Maar daarteenoor gee nugter wetenskaplike beskouers van die saak ons soms die versekering dat dit niks is om ongerus oor te word nie. Ontlening is immers die natuurlikste ding van die wêreld. Het Engels nie ook 'n hoop woorde aan Afrikaans ontleen nie? — woorde soos *veld*, *inspan*, *trekoxen*, *boegoe*, *gallamsiekte*, *naartjie*, en tientalle andere nie? Bestaan Engels self nie byna gelykop uit Germaanse en Franse woorde nie? En as ons na ander tale kyk dan vind ons soortgelyke verskynsels. Neem maar Hollands. Ons kan daarin lae Latynse leenwoorde uit 'n baie vroeë tydperk aanwys; later word massas Franse woorde geleen, en daarna Duitse en Engelse woorde. Reeds die ou Romeine het gekla oor al die

woorde wat in hulle taal uit Grieks oorgeneem word, en as ons die moderne tale nagaan dan is dit onmoontlik om een te vind wat heeltemal vry gebly het van vreemde invloede. Baie volke praat die taal van hulle oorspronklike veroweraars; in ander gevalle het die veroweraars die taal van hulle veroverdes geheel of gedeeltelik oorgeneem. Hierdie tale en volkere is daar niks slegter om nie. Is dit dan nog die moeite werd om daarteen te veg?

Ondanks al hierdie aangehaalde feite, gee ek tog die antwoord: „Ja, dit is die moeite werd,” en wel omdat dit onredelik is om die uiteindelijke gevolg van 'n verandering in 'n tydperk wanneer alle gevoel dienaangaande reeds afgeslyt het, te vereenselwig met die verandering self met al die gevoelens wat dit opwek. In die onderhawige geval dan, moet ons Anglismes bestry omdat ons in die toenemende gebruik daarvan die duidelike tekens van die verdringing en ondergang van ons kultuur sien. In die tweede plek moet ons hulle bestry omdat hulle ons estetiese gevoel seermaak. En nou moet u goed verstaan: Engelse woorde en klanke hoef nie opsigself leliker as Afrikaanse te wees nie; dis haas onmoontlik om te sê dat een taal mooier of leliker as 'n ander is — dit hang van die individuele spreker af. Maar die feit dat die woorde van een taal in die verband van 'n ander gebruik word, is lelik vir ons, maak ons estetiese gevoel seer, omdat hulle daar nie pas nie. Lap 'n ou ferweelbroek met die pragtigste nuwe sy en die geheel is lelik, omdat dinge bymekaar gevoeg word wat nie bymekaar hoort te wees en nie kan harmonieer nie. Omdat ons gevoel vir die twee tale as twee aparte eenhede nog lewendig is, daarom voel ons die deureenmeng daarvan as iets hinderliks en leliks en moet ons dit bestry.

Hoe kan ons Anglismes bestry? Om hierdie vraag te kan beantwoord, moet ons eers nagaan hoe hulle ontstaan.

Die grondoorsaak vir ontlening uit Engels is natuurlik dat die Engelse en Afrikaanse rasse in kontak met mekaar kom. Daardeur ontstaan die moontlikheid en die neiging van die een ras om sy woordvoorraad aan te vul deur ontlening van benaminge vir dié dinge wat hy van die ander leer ken het. So het die Engelse veral Afrikaanse woorde geleen op die gebiede van die boerdery en die plante- en dierewêreld van Suid-Afrika, wat hulle van die Afrikaners leer ken het. Die Afrikaners het weer Engelse woorde oorgeneem in verband met die landsregering, wat sedert die begin van die vorige eeu in Engelse hande is: *empire, caucus, speaker, magistraat*, ens.; in verband met handel en industrie, wat hoofsaaklik deur Engelse beheer word: *tjek, tender, besigheid, kosprys, claim, strike*, ens.; en in verband met verskillende soorte sport, wat deur Engelse bemiddeling in S.A. bekend geraak het: *krieket, bowl, goal, deuce*, ens.

Behalwe waar ons met nuwe begrippe te doen het waarvoor woorde gevind moet word, of waar ons 'n besondere gevoelswaarde wil laat uitkom deur die gebruik van 'n vreemde woord, is die natuurlike neiging egter om die twee tale uitmekaar te hou, en om dit te doen lê volkome binne die vermoë van die normale mens. Let maar op twee- of meertalige kinders wat een taal volkome suiwer praat, en hulle dan met die grootste gemak omwend na iemand anders toe en 'n ander taal net so suiwer met dié praat.

Waar grootmense die tale dikwels nie met dieselfde gemak en suiwerheid uitmekaar hou nie, moet daar dus iets radikaal verkeerd wees, moet ons na 'n besondere oorsaak soek. Die besondere oorsaak kan onkunde wees. Dikwels moet die onkunde aan ons ouers en opvoeders toegeskrywe word. Omdat hulle reeds die tale deurengemeng het, het ons nooit behoorlik daartussen leer onderskei nie en sit ons slegs 'n slegte ou tradisie voort. In ander gevalle ontstaan dié onkunde daardeur dat ons

wel die tweede taal grondig geleer het, maar die nodige opleiding in ons moedertaal gemis het. Die gevolg is dat ons ons wel bewus is van ons swakheid, maar eenvoudig nie die Afrikaanse woorde ken nie. In nog ander gevalle het ons met algemene gebrek aan opvoeding te doen. Is dit nie 'n opmerklike verskynsel dat die ergste deureenmeng van die tale dikwels by die Ampie-tipes en die mins ontwikkelde arbeiders voorkom nie? Dit is die gevolg van geringe algemene ontwikkeling en gebrekkige taalkennis.

Anglismes kan ook ontstaan deurdat 'n gevoel van eiewaarde ontbreek. So baie mense besef nie voldoende dat hulle taal 'n waardevolle besit is nie. Die gevolg is dat terwyl hulle alle moeite doen om bv. hulle eie uiterlik, hulle klere, hulle motorkarre, hulle huise en tuine te versorg, hulle hulle taal verwaarloos. Deur gebrek aan 'n gevoel van eiewaarde word hulle die slagoffers van luiheid en slordigheid ten opsigte van hulle taal, met die gevolg dat dit nie rein en suiwer en mooi gehou word nie. Laat ons nie vergeet nie dat ons taal meer versorging vereis as bv. ons klere, want daar is magtige faktore aanwesig wat die krag van die vreemde invloede versterk. Die woorde wat ons die meeste sien en hoor het die neiging om die kragtigste in ons gees te lewe. Waar ons dus in 'n Engelse omgewing verkeer, op 'n Engelse kantoor werk, baie Engelse boeke lees, daar bestaan die moontlikheid dat die Engelse woorde hulle die maklikste na vore sal dring wanneer ons praat of skryf. Waar ons Engels eerste en meeste sien in opskrifte en kennisgewings, daar sal dié woorde die eerste en kragtigste in ons gees gaan lewe, tensy ons ons opsetlik daarop toelê om ons taal suiwer te hou.

Anglismes ontstaan ten slotte ook deur 'n minderwaardigheidsgevoel; vandaar dat hulle o.a. op so 'n groot skaal voorkom by die bewoners van plattelandse dorpies. By hulle is die gevoel sterk dat daar iets aan hulle en

hul kultuur ontbreek. Vandaar dat hulle gretig alles wat vreemd is en van elders kom aangryp a's beter dan wat van hulle self is, om as kompensasie te dien vir die minderwaardigheidsgevoel. 'n Skerp kontras met hierdie groepe vorm die hoogontwikkelde en geleerde Afrikaners wat doelbewus hulle taal aankweek en suiwer hou, omdat dit hulle eie is en juis daardeur die hoogste waarde vir hulle het.

En nou dat ons gesien het hoe Anglisismes ontstaan, sal dit vir ons maklik wees om te bepaal hoe ons hulle moet bestry. Verwydering van die kontak tussen Engelsman en Afrikaner is nie moontlik nie. Daarom is die vernaamste bondgenoot wat ons oorbly die opvoeding. In die eerste plek algemene opvoeding, want opvoeding op sigself verhoog die gevoel van eiewaarde. Maar in die besonder het die taalonderwys hier 'n belangrike taak om te vervul. Dit is die plig van iedere taalonderwyser om by sy leerlinge 'n liefde vir die skoonheid en suiwerheid van elke taal waarmee hy te doen het, en insonderheid van die moedertaal, aan te kweek. Daarvoor moet hy begin met self suiwer en korrek te praat. Hy moet hom daarop toelê om sy leerlinge die vermoë by te bring om geredelik en goed te onderskei tussen verskillende taalvorme. Hy moet help om hulle taalgevoel te verskerp, sodat hulle trots sal wees op suiwer taal en die lelike van onsuiver taal dadelik sal aanvoel. Hy moet by hulle die ambisie en die ywer wek om hulle inspanning te getroos vir die versorging van 'n waardevolle kultuurbesit. Veral moet hy oppas vir die begin van die kwade, want dis haas onmoontlik om 'n Anglisisme wat eenmaal posgevat het later weer te verwyder. Maar hy moet ook redelik wees en nie klakkeloos alle Anglisismes wil verwyder nie, want daar is ook die wat werklik 'n nuttige aanvulling en verryking van ons taal kan wees. Ten slotte moet hy egter ook kan reken op die steun van ouers en kinders self, waar hy

hulle aanspoor om elke geleentheid te baat te neem om suiwer Afrikaans te hoor, te skryf en te praat.

LITERATUUR

Die uitvoerigste studie oor hierdie onderwerp is H. J. ROUSSEAU: *Afrikaans en Engels* (Maskew Miller, Kaapstad). Verder word verwys na die reeds genoemde studies: SÜTTERLIN: *Werden und Wesen der Sprache*; DE VOOYS: *Engelse Invloed op het Nederlands*; BOSHOFF: *Volk en Taal*; LE ROUX: *Ismes in Afrikaans*.